

Bewaringslandbou

Bewaringslandbou Projek

Brosjure No.: 1

Oktober 2001

Biodiversiteit = Biologiese diversiteit = Alle lewende organismes

Internasionale konvensies

Suid Afrika het twee belangrike konvensies onderteken wat grondgebruik en biodiversiteit skakel:

- Die Biologiese Diversiteits Konvensie van die Verenigde Nasies (BDK) en
- Konvensie ter bekamping van Woestynvorming van die Verenigde Nasies

Gedruk op herwinde papier

Kopiereg: J.S. Donaldson

Landbou is vir lewe!

Mooiso! Nog 'n tree terug dan kan ons die een ook inpas

Meeste voordeel

Boere het 'n groot verantwoordelikheid wanneer daar na die diversiteit van lewende organismes (biodiversiteit) omgesien moet word. Boere behoort gevolglik ook die meeste voordeel te trek uit die potensieële voordele wat diversiteit bied. Boere besit en bestuur meer as 80% van alle grond in Suid Afrika. Hoewel dit minder as 1% van die aarde se grondoppervlak beslaan is dit ryk in plant en dierelewe. Deur van volhoubare grondbenuttings metodes gebruik te maak kan Suid Afrikaanse boere bydra tot die bewaring van:

- 8% van die wêreld se plante
- 7% van die wêreld se voëls
- 6% van die wêreld se soogdiere
- 6% van die wêreld se reptiele en
- 2% van die wêreld se amfibieë

Bewaringslandbou

Bewaringslandbou beteken dat landbou praktyke gevolg word waar produksie nie die natuurlike hulpbronne, noodsaaklik vir die volgende generasie boere, negatief beïnvloed nie. Hoewel grond vroeër as die belangrikste hulpbron beskou was wat deur landbou geaffekteer is, kan die plantegroei, en gevolglik ook die diversiteit van plante en diere, beïnvloed word. Deur hulpbronne oordeelkundig te benut beteken landbou is vir lewe.

Twyfelagtige eer

Suid Afrika het na beraming die derde meeste bedreigde en uitgestorwe plantsoorte in die wêreld.

Landbou praktyke wat biodiversiteit kan verlaag

- Die ploeg van landbougrond
- Onoordeelkundige en gereelde veldbrande
- Oorbeweiding
- Die skep van klein areas natuurlike veld
- Die swak beheer van indringerplante

Verdere inligting!

Kontak asseblief:

Ingrid Nänni (Projek Bestuurder) of

John Donaldson (Wetenskaplike Bestuurder)

Die Bewaringslandbou Projek

Nasionale Botaniese Instituut

Privaatsak X7

Claremont 7735

Suid Afrika

Tel.: +27-021-799 8800

Fax.: +27-021-797 6903

e-pos: nanni@nbict.nbi.ac.za

Besoek ons webtuiste by www.nbi.ac.za

logo (in Afrikaans)

Bestuur u grond om die biodiversiteit te bewaar

- Laat 'n biologiese opname van u plaas doen om die spesies en habitate te identifiseer wat sensitief vir benutting mag wees.
- Vermy landbou praktyke wat skaars en bedreigde spesies of habitate sal vernietig.
- Poog om uitsette van bestaande landerye te verhoog om sodoende die vestiging van nuwe landerye te vermy.
- Laat soveel natuurlike plantegroei as moontlik.
- Laat stroke natuurlike plantegroei tussen landerye sodat diere tussen die areas vrylik kan beweeg.
- Verminder die gebruik van plaag- en plantdoders.
- Vermy die gebruik van breëspektrum gifwat ook die dood van skadelose diere kan veroorsaak.
- Beheer indringer spesies in jou area.

Sluk gou! Ek dink nie jy is veronderstel om daardie plantsoort te vreet nie.

Die Bewaringslandbou Projek

Die Global Environmental Facility (GEF) befonds die **Bewaringslandbou Projek en sal oor 'n tydperk van drie jaar strek**. Die fokus sal op boerdery praktyke in biodiverse kernareas val.

Doelstellings

- Om die kostes en voordele wat bewaringslandbou inhou te bepaal;
- Om ekologies ekonomiese modelle te ontwikkel;
- Ontwikkeling 'n inligtingsdatabasis;

- Evalueer die rol van bewaringslandbou in verhouding tot breër bewarings strategieë
- Stel inligting aan boere en belange groepe beskikbaar

Deelnemende organisasies

Regering: Departement van Omgewingsake en Toerisme, Departement van Landbou, natuur en landbou departemente van die Oos Kaap, Noord Kaap, KwaZulu-Natal en die Wes Kaap.

Universiteite, Teknikons en Museums: Kaapse Technikon, Kaapstad se Iziko Museums, Universiteit van Kaapstad, Universiteit van Port Elizabeth, Universiteit van Stellenbosch, Universiteit van die Wes Kaap.

Ander: Indigo Development & Change, Southern Waters Ecological Research & Consulting, Tim O'Connor & Venote, Somon Todd Consulting, Patrick O'Farrell.